Perspektiewe op die Algemene Sinode 2007

Chris van Wyk - Artikelredakteur

Dié uitgawe van *Kruisgewys* skets 'n paar teologiese perspektiewe op die afgelope sitting van die Algemene Sinode van die NG Kerk.

☞ **Danie Mouton** –*Teologiese impak van die roepingsverklaring* – skryf oor die skuif wat by die sinode plaasgevind het in die verstaan van God, asook van ons identiteit en roeping. 'n Mens sien dit raak in die roepingsverklaring van die sinode. Danie wys daarop hoedat teologiese besinning ál hoe meer geloofsonderskeidend begin funksioneer. Dit verbreed die verstaan van God, en het 'n skuif in die gepaardgaande mensbeskouing tot gevolg. Dit help ons om die kompleksiteit in die NG Kerk beter te hanteer – bladsy 4.

☞ **Andries Cilliers** – *In gesprek oor Skrifgesag* – dink na oor die verskillende standpunte oor Skrifgesag wat in die gay-verslag en die debat daaroor na vore gekom het. Hy wys op die vloeibaarheid van ons interpretasies, sowel as op die uiteenlopendheid van ons werklikheidsbeskouinge. Die behoefte aan vaste bakens aan die een kant en die soeke na hedendaagse integriteit aan die ander kant, kan net in 'n egte luister in gesprek met mekaar bevredig word – bladsy 6.

☞ **Marius Nel** – *Geloofsonderskeiding in Skrifgebruik* – skryf oor die gay-verslag se Skrifgebruik en ontleed die onderliggende hermeneutiek aan die twee standpunte daarin: 'n Gereformeerde en 'n Verligtingshermeneutiek. Hy wys hoe moeilik ons verby ons eie refleksie en ons eie dowwe spieëls kyk, en dui 'n uitweg aan: om geloofsonderskeidend in mekaar se spieëls te kyk. Die motivering daarvoor kry hy in die waardes van die Seisoen van Luister: leerbaarheid, vertroue, deernis en openheid – bladsy 8.

☞ **Nelis Jansen van Rensburg** – *Diversiteit en diskresie kenmerk nou die NG Kerk* – skryf oor die skuif van debat na dialoog in kerklike vergaderings, wat ook in die Algemene Sinode beslag gekry het. Hy wys hoe die verstaan van die kerk as 'n hermeneutiese gemeenskap ons gereformeerde kerkbegrip verryk het. Hierdie dialogiese benadering is pragtig geïllustreer in die besluit oor homoseksualiteit waar die kerk groter diversiteit as ooit te vore kon akkommodeer deur meer ruimte vir diskresie aan kerkrade te gee – bladsy 10.

☞ **Chris van Wyk** – *Van instituut tot beweging: konsultasie in kerkverband* – skryf oor wat ons by die afgelope Algemene Sinode oor die ontwikkeling van die kerkverband kon leer, soos wat dit geïllustreer is in die besluit om in die kerkhereenigingsproses die konsultasie met gemeentes voort te sit. Sodoende word gemeentes as deelnemende vennote erken. Dis 'n proses waardeur die kerk as instituut én as beweging al hoe meer tot sy reg kom. Die woorde van Jesus: "Julle is my vriende", word 'n metafoor vir hoe die kerkverband ontwikkel – bladsy 12.

☞ **Frederick Marais** – *Wanneer 'n kerk se kultuur begin verander …* – skryf oor die kultuurverandering in die NG Kerk. Ons kan dit raaksien in die wyse waarop buitestanders daaroor in die dagpers berig het. Leierskap het daarin 'n groot rol gespeel, sowel as die waardes van die Seisoen van Luister. Maar, sê hy, daar is ook 'n meer geldige verklaring: kultuurverandering is die werk van die Gees, 'n geskenk aan 'n kerk wat deur diep waters is. Ons verantwoordelikheid is om nou getuies van hierdie geskenk van genade te wees – bladsy 14.

● Die keramiekwerke op die voorblad *Wall of masks* is van die bekende kunstenaar **Clementina van der Walt** van *Clementina Ceramics* en die *Albie Bailey A.R.T. Gallery* in Kalkbaai (www.clementina.co.za). Die gebruik van klei, glas en metaal as voertuie vir geestelike betekenis tipeer haar werk.

Die detail van die verskillende maskers verbeeld vir my die werklikheid van die uiteenlopende perspektiewe in ons kerk. Die geheelprentjie simboliseer die gelyktydige werklikheid van die ruimte vir en akkommodering van ons diversiteit, wat kenmerkend raak van ons styl van kerkwees. Só 'n kerk is 'n inspirasie en 'n getuienis vir 'n tyd soos hierdie!